GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ]	Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
_____	Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 29 April 2019)

ACT

To amend the Powers, Privileges and Immunities of Parliament and Provincial Legislatures Act, 2004, so as to amend a definition; to provide that the arrest and removal, on the order of a presiding officer, of a person who creates or takes part in any disturbance on the precincts is not applicable to a member; to provide that a provincial legislature may choose to either appoint a standing committee or establish an *ad hoc* committee to deal with disciplinary action against members of a provincial legislature for contempt of that provincial legislature; to provide that the Speaker of a provincial legislature exercises control and authority over the precincts on behalf of that provincial legislature; to clarify vague sections in the Act; to effect technical and grammatical corrections; and to provide for matters connected therewith.

PREAMBLE

BEARING IN MIND that the Constitutional Court found, in the case of *Democratic Alliance v Speaker of the National Assembly and Others* [2016] ZACC 8, that freedom of speech in the National Assembly and the National Council of Provinces as contemplated in sections 58(1)*(a)* and 71(1)*(a)* of the Constitution is subject only to the relevant House's respective rules and orders and cannot be regulated in an Act of Parliament;

AND BEARING IN MIND that the immunities provided for in sections 58(1)*(b)* and 71(1)*(b)* of the Constitution are absolute,

BE IT THEREFORE ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 4 of 2004

1. Section 1 of the Powers, Privileges and Immunities of Parliament and Provincial Legislatures Act, 2004 (Act No. 4 of 2004) (hereinafter referred to as the ''principal Act''), is hereby amended by the substitution for the definition of ''disturbance'' of the following definition:

'' **'disturbance'** means any act which interferes with or disrupts or which is likely to interfere with or disrupt the proceedings of Parliament or a House or committee but does not include an act committed by a member in the exercise of his or her privilege contemplated in sections 58(1) and 71(1) of the Constitution;''.

ALGEMENE VERKLARENDE NOTA:

[ ]	Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
_____	Woorde met ’n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 29 April 2019)

WET

Tot wysiging van die Wet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, 2004, ten einde ’n omskrywing te wysig; om voorsiening te maak dat die inhegtenisneming en verwydering, op bevel van ’n voorsittende beampte, van ’n persoon wat enige steurnis in die gebied veroorsaak of daaraan deelneem nie op lede van toepassing is nie; om voorsiening te maak dat ’n provinsiale wetgewer ’n keuse het of hy ’n staande komitee wil aanstel of ’n *ad hoc*-komitee wil instel om met dissiplinêre optrede teen lede van ’n provinsiale wetgewer vir minagting van daardie provinsiale wetgewer te handel; om voorsiening te maak dat die Speaker van ’n provinsiale wetgewer beheer en gesag namens daardie provinsiale wetgewer oor die gebied uitoefen; om artikels in die Wet wat vaag is, op te klaar; om tegniese en grammatikale korreksies aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

AANHEF

AANGESIEN die Konstitusionele Hof in die saak *Democratic Alliance v Speaker of the National Assembly and Others* [2016] ZACC 8, bevind het dat vryheid van spraak in die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies, soos beoog in artikel 58(1)(*a*) en 71(1)(*a*) van die Grondwet, slegs aan die betrokke Huise se reëls en orders onderhewig is en nie deur ’n Wet van die Parlement gereguleer kan word nie;

EN AANGESIEN die immuniteite waarvoor in artikels 58(1)(*b*) en 71(1)(*b*) van die Grondwet voorsiening gemaak word, onvoorwaardelik is,

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 4 van 2004

1. Artikel 1 van die Wet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, 2004 (Wet No. 4 van 2004) (hierna die ‘‘Hoofwet’’ genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van ‘‘steurnis’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘steurnis’** enige handeling wat die verrigtinge van die Parlement of ’n Huis of komitee ontwrig of onderbreek of waarskynlik sal ontwrig of onderbreek maar sluit nie ’n handeling deur ’n lid verrig in die uitoefening van sy of haar voorreg beoog in artikels 58(1) en 71(1) van die Grondwet in nie;’’.

Amendment of section 7 of Act 4 of 2004

2. Section 7 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(f)* of the following paragraph:

''*(f)* fail or refuse to comply with **[an]** a lawful instruction by a duly authorised staff member regarding—

(i) **[the]** his or her presence **[of persons]** at a particular meeting in the precincts; or

(ii) the possession of any article, including a firearm, in the precincts or any part thereof.''.

Substitution of section 11 of Act 4 of 2004

3. The following section is hereby substituted for section 11 of the principal Act:

''**Persons creating disturbance**

11. A person, other than a member, who creates or takes part in any disturbance in the precincts while Parliament or a House or committee is meeting, may be arrested and removed from the precincts, on the order of the Speaker or the Chairperson or a person designated by the Speaker or Chairperson, by a staff member or a member of the security services.''.

Amendment of section 12 of Act 4 of 2004

4. Section 12 of the principal Act is hereby amended by the insertion in subsection (5) of the word ''or'' at the end of paragraph *(f)*.

Substitution of section 22 of Act 4 of 2004

5. The following section is hereby substituted for section 22 of the principal Act:

''**Liability for acts done under authority of Parliament**

22. No person is liable **[in]** for damages or otherwise for any act done in good faith in terms of this Act, or under the authority of a House or committee and within the legal powers of the House or committee, or under any order or summons issued by virtue of those powers.''.

Amendment of section 23 of Act 4 of 2004

6. Section 23 of the principal Act is hereby amended by the insertion in subsection (2) of the word ''or'' at the end of paragraph *(a)*.

Amendment of section 24 of Act 4 of 2004

7. Section 24 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* the registrar or clerk of the court sentencing that **[person]** member or that permanent delegate must in writing inform the Speaker or the Chairperson, as the case requires, of the nature of the offence and the sentence imposed; and''.

Amendment of section 25 of Act 4 of 2004

8. Section 25 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) The committee referred to in section 12(2) must, subject to the standing rules, consider the request and, if approved, publish the response of the aggrieved person in the appropriate parliamentary paper.''.

Wysiging van artikel 7 van Wet van 2004

2. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(f)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(f)* versuim of weier om gehoor te gee aan 'n wettige opdrag deur 'n behoorlik gemagtigde personeellid aangaande—

(i) **[die]** sy of haar aanwesigheid **[van mense]** by 'n bepaalde byeenkoms in die gebied; of

(ii) die besit van enige artikel, met inbegrip van 'n vuurwapen, in die gebied of enige gedeelte daarvan.''.

Vervanging van artikel 11 van Wet 4 van 2004

3. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Mense wat steurnis veroorsaak**

11. Iemand, uitgesonder 'n lid, wat, terwyl die Parlement of 'n Huis of komitee in sitting is, enigsins 'n steurnis in die gebied van die Parlement veroorsaak, of daaraan meedoen, kan, in opdrag van die Speaker of die Voorsitter of iemand deur die Speaker of Voorsitter aangewys, deur 'n personeellid of 'n lid van die veiligheidsdienste in hegtenis geneem en van die gebied af verwyder word.''.

Wysiging van artikel 12 van Wet 4 van 2004

4. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (5) die woord ''of'' aan die einde van paragraaf *(f)* in te voeg.

Vervanging van artikel 22 van Wet 4 van 2004

5. Artikel 22 van die Engelse teks van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Liability for acts done under authority of Parliament**

22. No person is liable **[in]** for damages or otherwise for any act done in good faith in terms of this Act, or under the authority of a House or committee and within the legal powers of the House or committee, or under any order or summons issued by virtue of those powers.''.

Wysiging van artikel 23 van Wet 4 van 2004

6. Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woord ''of'' aan die einde van paragraaf *(a)* in te voeg.

Wysiging van artikel 24 van Wet 4 van 2004

7. Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* moet die registrateur of klerk van die hof wat daardie **[persoon]** lid of daardie permanente afgevaardigde gevonnis het, die Speaker of die Voorsitter, na gelang van die geval, skriftelik verwittig van die aard van die misdryf en die vonnis wat opgelê is; en''.

Wysiging van artikel 25 van Wet 4 van 2004

8. Artikel 25 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

''(2) Behoudens die staande reëls moet die komitee bedoel in artikel 12(2) die versoek oorweeg en, indien toegestaan, die antwoord van die verontregte persoon in die toepaslike parlementêre stuk publiseer.''.

Amendment of section 28 of Act 4 of 2004

9. Section 28 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (2) for the full stop at the end of paragraph *(f)* of ''; and'';

(b) by the addition in subsection (2) after paragraph *(f)* of the following paragraph:

''*(g)* disturbance, must be construed as excluding an act committed by a member of a provincial legislature or the province's permanent delegate to the National Council of Provinces in the exercise of his or her privilege contemplated in section 117(1) of the Constitution.''; and

(c) by the addition after subsection (2) of the following subsection:

''(3) For the purposes of section 12(2), a provincial legislature may choose to either appoint a standing committee or establish an *ad hoc* committee.''.

Insertion of section 28A in Act 4 of 2004

10. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 28:

''**Control over precincts of provincial legislature**

28A. The Speaker of a provincial legislature, subject to this Act and that legislature's rules and resolutions, exercises control and authority over the precincts on behalf of that legislature.''.

Amendment of section 29 of Act 4 of 2004

11. Section 29 of the principal Act is hereby amended by the insertion in subsection (2) of the word ''or'' at the end of paragraph *(a)*.

Amendment of section 30 of Act 4 of 2004

12. Section 30 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* the registrar or clerk of the court sentencing that **[person]** member must in writing inform the Speaker of the provincial legislature of the nature of the offence and the sentence imposed; and''.

Substitution of section 32 of Act 4 of 2004

13. The following section is hereby substituted for section 32 of the principal Act:

''**Short title**

32. This Act is called the Powers, Privileges and Immunities of Parliament and Provincial Legislatures Act, **[2003]** 2004.''.

Short title

14. This Act is called the Powers, Privileges and Immunities of Parliament and Provincial Legislatures Amendment Act, 2019.

Wysiging van artikel 28 van Wet 4 van 2004

9. Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (2) die punt aan die einde van paragraaf *(f)* deur "; en" te vervang;

(b) deur in subartikel (2) die volgende paragraaf na paragraaf *(f)* in te voeg:

"*(g)* steurnis, uitgelê as sou dit 'n handeling uitsluit wat verrig is deur 'n lid van 'n provinsiale wetgewer of die provinsie se permanente afgevaardigde na die Nasional Raad van Provinsies in die uitvoering van sy of haar voorreg beoog in artikel 117(1) van die Grondwet."; en

(c) deur na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:

"(3) Vir die doeleindes van artikel 12(2), kan 'n provinsiale wetgewer die keuse uitoefen om óf 'n staande komitee aan te stel óf 'n *ad hoc*-komitee in te stel.".

Invoeging van artikel 28A in Wet 4 van 2004

10. Die volgende artikel word hierby na artikel 28 van die Hoofwet ingevoeg:

"**Beheer oor gebied van provinsiale wetgewers**

28A. Die Speaker van 'n provinsiale wetgewer oefen, behoudens hierdie Wet en daardie wetgewer se reëls en besluite, namens daardie wetgewer beheer en gesag oor die gebied uit.".

Wysiging van artikel 29 van Wet 4 van 2004

11. Artikel 29 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woord "of" aan die einde van paragraaf *(a)* in te voeg.

Wysiging van artikel 30 van Wet 4 van 2004

12. Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* moet die registrateur of klerk van die hof wat daardie **[persoon]** lid gevonnis het, die Speaker van die provinsiale wetgewer skriftelik verwittig van die aard van die misdryf en van die vonnis wat opgelê is; en".

Vervanging van artikel 32 van Wet 4 van 2004

13. Artikel 32 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Kort titel**

32. Hierdie wet staan bekend as die Wet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, **[2003]** 2004.".

Kort titel

14. Hierdie Wet staan bekend as die Wysigingswet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, 2019.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065